BUITELYNE VAN ONS REISPLAN

(O)-Ontbyt **(M)**-Middagete **(A)**-Aandete **(*)**-Ete aan boord die vliegtuig

Dag 1: Sondag, 24 April JOHANNESBURG – KAÏRO

Ontmoet om 18:00 by die Egyptair toonbank in die Internasionale vertreksaal van Johannesburg se O.R. Tambo Internasionale lughawe. Bagasie word deur die lugredery toegedraai en na ons bestemming Tel Aviv deurbespreek. Vertrek om 21:45 met vlug MS840 na Kaïro. Oornag aan **BOORD (A*)**

Dag 2: Maandag, 25 April KAÏRO – TEL AVIV – BETLEHEM

Arriveer vroegoggend om 05:35 in Kaïro. Ons toerbus staan gereed vir 'n foto-stop by die Piramides, Sfinks en die tempelvallei. Bring besoek aan die Egiptiese Museum voordat ons na die lughawe terugkeer vir die 16:25 vlug om teen 18:50 op die Ben Gurion lughawe neer te stryk. Oorplasing na ons hotel vir aandete en oornag in **BETLEHEM (O*)(A)**

Dag 3: Dinsdag, 26 April BETLEHEM – CAESAREA – MEGIDDO – KARMEL – NASARET – TIBERIAS

Bring vanoggend besoek aan die herdersvelde en kies dan koers na Caesarea wat op die oewer van die Middellandse see geleë is waar ons die indrukwekkende amfiteater besigtig. Stop by Megiddo met geleentheid om deur die watertonnel te stap. Die opgrawings toon rondom 26 nedersettings op mekaar waarvan die oudste uit ongeveer 4000 v.C. dateer. Josua het die stad ingeneem en gedurende die regering van Salomo was Megiddo een van die stede wat met strydwaens versterk was. Besoek die berg Karmel waar Elia die priesters van Baäl gekonfronteer het. Reis na Nasaret waar Jesus sowat 30 jaar gewoon het. Besoek die "Nazareth Village" waar ons in tyd teruggeneem word na die dae toe Jesus as kind in hierdie omgewing opgegroei het. Reis verder na die See van Galilea vir aandete en oornag in **TIBERIAS (O)(A)**

Dag 4: Woensdag, 27 April GALILEA OMGEWING – TIBERIAS

Besoek vanoggend die Boot-museum waar ons die sogenaamde "Jesus Boot" te siene kry. Onderneem 'n bootvaart op die See van Galilea en reis dan na die Berg van Saligsprekinge waar die bergpredikasie gelewer is. Besoek die Kerk van Saligsprekinge en bring besoek aan Tabgha waar die brood en vis vermeerder is. 'n Entjie verder noord is die Mensa Christi kerk waar Jesus aan die dissipels verskyn het en hulle saam geëet het. Sien die uitgrawings van Petrus se huis en die bouvalle van 'n Sinagoge uit die Tweede eeu by Kapernaum. Besoek die ruïnes van Magdala waar Maria Magdalena gebore is. In die tyd van Jesus was dit 'n vooruitstrewende vissersdorpie. Argeoloë het die oorblyfsels van die dorpie uit die dae van Jesus blootgelê wat 'n Bisantynse klooster en 'n mosaïekvloer van 'n vissersboot uitbeeld. Die omgewing staan vandag bekend as Migdal. Aandete en oornag in **TIBERIAS (O)(A)**

Dag 5: Donderdag, 28 April JERUSALEM

Reis na Jerusalem, die Stad van Vrede soos vroeg in die Bybel na verwys word. Begin by die Olyfberg of Olivet vanwaar u 'n pragtige uitsig oor die Ou Stad en die tempelterrein het. Hier van die Olyfberg af het Jesus sy dissipels gestuur om die donkie te gaan haal waarop Hy Jerusalem binnegery het. Besoek die Tuin van Getsèmane waar Jesus gebid het. Judas het Jesus hier verraai en Hy is na Kajafas geneem om aangekla en verhoor te word. Die "Kerk van alle Nasies" is in hierdie tuin geleë waar verskeie Olyfbome vandag steeds groei. Die huis van Kajafas die hoëpriester, bekend as Petrus in Galicantu is volgende op ons program. Dit was hier waar Petrus die Here drie maal verloën het. Gallicantu beteken "die kraai van die hoenderhaan". Besoek die Stad van Dawid waar die poel van Siloam tot vandag toe nog te sien is. Stap met die droë tonnel langs na die Suidelike trappe wat na die eertydse temple gelei het, gevolg deur 'n besoek aan die klaagmuur, die allerheiligste plek vir die Jode. Sluit die dag af by die bo-vertrek waar die Heilige Gees uitgestort is, en Jesus en Sy dissipels die "Laaste Avondmaal" genuttig het. Aandete en oornag in **JERUSALEM (O)(A)**

Dag 6: Vrydag, 29 April JERUSALEM

Stap na die Bad van Bethesda en die kerk van St Anne. Sien die vesting van Antonio, waar Jesus verhoor is en die plaveisel waar Hy sy kruis opgeneem het. Volg die roete van die lydensweg bekend as die Via Dolorosa wat begin by Pilatus se verhoorsaal. Sluit die dag af by die Tuingraf waar u op 'n toer van die terrein geneem

word. Een van die personeel van die Christen ambassade sal aan u verduidelik waarom hierdie plek die waarskynlike graf van Jesus is. Geniet 'n pragtige uitsig oor Golgota wat ook bekend staan as Gordon's Calvary. Nagmaal word by die tuingraf bedien. Ons het vrye tyd om die Ou-stad op eie stoom te geniet. Aandete en oornag in **JERUSALEM (O)(A)**

Dag 7: Saterdag, 30 April JERIGO – BETABARA – QUMRAN – EIN GEDI – DOOIE SEE

Reis vanoggend na Jerigo, die oudste bekende stad ter wêreld. Hierdie stad is deur Josua vernietig toe die Israeliete in opdrag van God, 7 maal om die stad geloop het en sy mure ineengestort het. Sien die "Berg van Versoeking" waar Jesus versoek was en besoek die UNESCO wêreld-erfenis uitgrawings bekend as "Tel Jericho". Sien die fontein van Elisa en Saggeus se wildevyeboom. Vertoef by die doopplek bekend as Betabara in die omgewing waar Jesus aan die oorkant van die Jordaanrivier gedoop is. Reis verder na Qumran waar die Dooie See boekrolle in 1947 ontdek is. Besoek Ein Gedi waar Dawid soms teen Saul geskuil het en waar hy die geleentheid gehad het om Saul dood te maak, maar net 'n stukkie van sy kleed afgesny het. Ons bestemming is die Dooie See, die laagste plek op aarde. In die Bybel was dit bekend as die "sout see". Geleentheid om letterlik "op" die water te dryf. Oornag by die **DOOIE SEE (O)(A)**

Dag 8: Sondag, 01 Mei DOOIE SEE – MASSADA – TIMNA PARK – WADI RUM

Reis vanoggend na die bergvesting Massada waar u per kabelspoor na die kruin geneem word. Besigtig die bouvalle van die eens luukse paleis van koning Herodus en geniet die lieflike uitsig oor die Woestyn van Judea en die Dooie See. Hier het die tragiese verhaal van Eleazer Ben Yair en sy 959 Joodse volgelinge, wat eerder massa-selfmoord gepleeg het as om hulle in die Romeinse besetters oor te gee, afgespeel. Bring besoek aan Timna Park waar Salomo se kopermyne te sien is. Besoek die "Tabernakel in die Wildernis" wat gebou is op die aanwysings soos dit in die Ou Testament uiteengesit word. Steek die grens na Jordanië oor en reis verder na Wadi Rum vir 'n duine-safari om die sonsondergang oor die woestyn en 'n Bedoeïene aandete te ervaar. Oornag in ons tente-kamp in **WADI RUM (O)(A)**

Dag 9: Maandag, 02 Mei WADI RUM – PETRA

Geniet 'n tipies Bedoeïene ontbyt en vertrek na Petra. Onderneem 'n uitgebreide toer van die "verlore stad" van Petra. Gemaklike stapskoene is belangrik vir hierdie uitstappie. Hierdie stad is uitgekap uit rooi graniet en was feitlik onbereikbaar in die outyd. Dit was vir baie eeue onbekend vir die wêreld totdat dit in 1812 ontdek is. Aandete en oornag in **PETRA (O)(A)**

Dag 10: Dinsdag, 03 Mei PETRA – NEBO – AMMAN – KAÏRO

Reis vandag met die "King's Highway" langs en doen by die Grieks Ortodokse klooster aan waar ons die sesde-eeuse die Mosaïek-kaart van die Heilige Land in Madaba besigtig. Die toerbus staan gereed om ons na die Berg Nebo te neem. Besoek die kapel op die kruin van die Pisga berg. Hierdie is die plek, Oos van die Jordaanrivier en binne sig van Jerigo, vanwaar Moses die beloofde land aanskou het. Hier het die Here vir Moses begrawe voordat die Israeliete die beloofde land binnegegaan het. Ons word na die lughawe oorgeplaas vir die vlug wat om 20:10 na Kaïro te vertrek. Arriveer om 20:30 en sluit by die 23:10 na Johannesburg aan. Oornag aan **BOORD (O)(A*)**

Dag 11: Woensdag, 04 Mei JOHANNESBURG

Stryk om 07:10 op Johannesburg se O.R. Tambo Internasionale lughawe neer. Ons is ryk aan herinneringe en verryk in die gees. Eendag maak ons weer so! **(O*)**

Jerusalem

Petra

Caesarea

Kapernaum

Tuingraf

TOERKOSTE: R39,980 per persoon soos volg saamgestel:
Groep-lugreisgeld: R10,344 (onderhewig aan besikbaarheid tydens uitreiking)
Landreëlings: R27,621 / US$1,860 @ R14,85 (konstante) + R2,015 / US$130 @ R15,50 (veranderlike)

*Tariewe word deur die diensleweraars teenoor die Amerikaanse Dollar tot op **R14,85** gedek. Die Randwaarde van ons toerprys sal met balansbetaling aangepas word indien die Rand sou verswak. Reisversekering word ten sterkste aanbeveel en kan deur ons kantoor uitgereik word. Weens die beperkte aantal sitplekke beskikbaar vir hierdie toer, word u inskrywing en deposito so gou as moontlik benodig om u sitplek te verseker. Toerkoste is gebaseer op 'n minimum van **32 passasiers** wat saamreis.*

***Groeptoer geldsake:** 'n Nie-terugbetaalbare deposito van **R5,000 plus R1,130 reisversekering vir onder 70-jariges en R2,830 vir onder 80's** is betaalbaar met registrasie, om die geldigheid van die maksimum reisdekking wat die polis bied, te verseker. Die balans van die toerprys is sowat 8 weke voor vertrek betaalbaar, en die wisselkoers van die dag sal op die Randwaarde van ons toerprys van toepassing wees. Maak asb seker dat u fondse dan beskikbaar is aangesien balansbetaling is weens die wisselvalligheid van die Rand, sowat 72-uur na fakturering betaalbaar is.*

Besprekings: *Voltooi asb die registrasievorm en e-pos, faks of whatsapp die dokument tesame met u inbetalingstrokie na ons kantoor. Besprekings word op 'n "first-come, first-served" basis hanteer.*
e-pos: *admin@stargateint.co.za* ***Faks:*** *086 634-3775* ***Whatsapp:*** *083 453-6505*

INGESLUIT:
- Ekonomiese retoervlugte insluitend lughawebelasting brandstofheffing en inboek-bagasie
- Ontbyt en aandete daagliks soos per reisplan
- Drie- en vierster toeristeklas akkommodasie
- Engelssprekende toergidse en luukse toerbusse
- Besigtigingstoere en ingangsfooie soos per program
- Fooitjies aan toergidse, busbestuurders, portiere, hotelpersoneel en grensbelasting

Nota: Reisplan is onderhewig aan verandering indien nodig na gelang van gesondheidsregulasies en veiligheidsomstandighede.

UITGESLUIT:
- Opsionele enkelkamerverblyf US$110 per nag
- Reisversekering onder 70-jariges @ R1,130 ouderdom 70-79 jariges @ R2,380
- Jordaniese en Egiptiese visum koerierfooi R290 per visum
- Israel en Jordaniese grensbelasting tydens oorsteek van die Arava grenspos US$50
- PCR toets met die aankoms in Israel ongeveer US$35
- PCR toets 72-uur voor vertrek vanaf Israel by die hotel in Jerusalem ongeveer US$90
- PCR toets met die aankoms in Jordanië ongeveer US$42

StarGate international
International Group Tour Operators

Vir nadere besonderhede, kontak
Marina Strydom
084 800-8931
marina@ooskerk.org.za